

DEELTYDSE BOERE SE VERLIESE WORD OMGRENS

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

Nie alle inkomste is belasbaar nie. Sommige inkomste is gewoonlik altyd belasbaar terwyl ander net in spesifieke gevalle belasbaar is. Daar is ook toelaatbare aftrekkings wat gemaak kan word en sommige inkomste is belastingvry. Daarom bestaan daar 'n basiese formule waarvolgens die belastingpligtige sy belasbare inkomste vir 'n bepaalde tydperk kan bepaal.

Volgens die basiese formule neem die belastingpligtige eers sy totale inkomste wat hy vir die bepaalde tydperk ontvang het en trek dan al die toelaatbare uitgawes daarvan af. Dit bring hom eers by bruto inkomste, dan by inkomste en daarna by die belasbare inkomste of vasgestelde verlies. Volgens hierdie basiese definisie is 'n persoon se inkomste in totaal belas wat beteken het dat verliese van een van sy bedrywe teen die winste van sy ander bedrywe afgespeel kan word. Deeltydse boere wat voortdurend hulle boerderye uitgebrei het kon sodoende 'n boerderyverlies opbou wat dan teen hul ander inkomste afgetrek kon word. Dit het tot gevolg gehad dat baie mediese dokters, prokureurs, ouditeure, bemarkingsagente en vele ander beroepslui boerderye as 'n ideale belasting skuilplek gebruik het.

Per definisie word onkoste en verliese ter voortbrenging van inkomste vir 'n gegewe belastingtydperk toegelaat wat werklik in die Republiek van Suid-Afrika uit die beoefening van 'n bedryf aangegaan is indien dit nie van 'n kapitale aard is nie. Die Ontvanger het egter 'n probleem daarmee dat nie alle "bedrywe" met die regte *bona fides* aangepak word nie. Daarom probeer die nuutste belastingwetgewing hierdie belastingvoordeel van beroepslui beperk en word sulke deeltydse bedrywe nou as verdagte bedrywe geklassifiseer. Die gevolg daarvan is dat verliese van sulke bedrywe slegs teen die winste van daardie selfde bedrywe afgetrek kan word en nie teen winste van ander bedrywe nie. Die verliese van die verdagte bedrywe word dus omgrens en eenkant geakkumuleer totdat daardie bedryf 'n wins maak. Op daardie tydstip kan die verlies dan wel teen belasbare inkomste aangewend word maar dit mag nooit van die winste van die belastingbetaler se hoofbedryf afgetrek word nie.

Op wie van toepassing

Die omgrensing van verliese uit verdagte bedrywe is slegs van toepassing op belastingbetalers wat reeds op die maksimum marginale belastingkoers met hulle hoofinkomste (tans R255,000.00 en meer per jaar) is. Die tweede toets is dat die subbedrywe eers as 'n verdagte bedryf beskou word as daar drie verliese in 'n periode van vyf jaar gerealiseer word. Hierdie reëling tree vanaf die 2004/2005 belastingjaar in werking en verliese voor hierdie tydperk word nie daarvoor in aggeneem nie. As 'n bedryf ook eers een keer as 'n verdagte bedryf gekwalifiseer het, kan die status daarvan nie weer verander word nie en sal dit vir die res van die belastingbetaler se leeftyd as 'n verdagte bedryf beskou word.

Ongeag die drie-verliese-in-vyf-jaar-toets, is daar nog 'n verdere kategorie waar sekere bedrywe vooraf reeds as verdagte bedrywe beskou word. Verliese uit hierdie bedrywe sal dus ook reeds in die huidige belastingjaar (2004/2005) nie as aftrekking teen winste uit ander bedrywe aangewend kan word nie. Hierdie bedrywe sluit die volgende in:

- Sport;
- Handeldryf in versamelaarsitems;

- Uitverhuur van wooneenhede, behalwe as ten minste 80% van die wooneenheid deur 'n persoon benut word wat nie familie van die belastingbetaler is nie;
- Uitverhuur van voertuie, vliegtuie of bote, behalwe as 80% van die bate deur persone gebruik word wat nie familie van die belastingbetaler is nie;
- Tentoonstelling van diere in kompetisies;
- Boerdery of teling van diere anders as op 'n voltydse basis;
- Uitvoerende kunste soos toneelspel, sang, skilder, fotografie, pottebakery, ens.
- Dobbel en weddenskappe

Die eienaars van renperde word spesifiek hierby uitgesluit. Die Portefeuljekomitee van Finansies was van mening dat die renperdbedryf veral deur deelydse eienaars bedryf word en dat die bydrae wat dié bedryf tot die totale ekonomie maak dit regverdig dat sulke bedrywe nie as verdag beskou moet word nie.

Ontsnaproete

Ongeag die bepalings wat reeds genoem is, is daar tog 'n ontsnaproete wat belastingbetalers kan volg sodat hulle subbedrywe nie as verdagte bedrywe geklassifiseer moet word nie. Die belastingbetaler sal dan bewyse moet kan lewer dat sy subbedryf 'n wettige bedryf is en dat daar goeie aanduidings is dat die bedryf in die toekoms wel winsgewend kan raak. Die toets is dat die subbedryf eerder die karaktertrekke van 'n "besigheid" het as wat dit die eienskappe van 'n "stokperdjie" het. Daar moet dus redelike verwagtinge wees dat daar binne redelike tyd 'n winsgewende besigheid bedryf gaan word en die volgende feite en omstandighede sal deurslaggewend wees:

- *Die verhouding van verliese tot inkomste* – As die belastingbetaler 'n klein bruto inkomste het maar groot verliese daarmee saam het dui dit op 'n risiko vir die Ontvanger en gaan hy van mening wees dat dit 'n verdagte bedryf is;
- *Advertensie en bemarking* – 'n Tipiese besigheid wat in sy beginstadium verliese toon met die oog op latere winste word wel geadverteer en bemark. Daar teenoor word 'n stokperdjie selde geadverteer of bemark met die oog daarop om klandisie op te bou;
- *Bedryf van 'n besigheid* – Die kenmerk van 'n besigheidsgeïntereerde bedryf sal wees dat die aktiwiteite daar rondom op 'n besigheid sal dui wat in ag neem:
 - ♣ Die aantal voltydse personeellede;
 - ♣ Die ligging van die besigheid (besigheidsperseel teenoor 'n buitekamer aan die huis);
 - ♣ Die hoeveelheid en die waarde van die toerusting wat gebruik word;
 - ♣ Die hoeveelheid tyd wat die belastingbetaler aan die bedryf spandeer.
- Die verhouding van die aantal jare met verliese teenoor aantal jare met winste;
- Die toekomstige sakeplan van die bedryf;
- Die beskikbaarheid van die bedryf se bates vir tydverdryf of ontspanning.

Die ontsnaproete kan nie gebruik word waar die subbedryf in elk geval ses verliese uit die voorafgaande tien jaar gerealiseer het nie. Dan slaag dit nie die toets nie en sal dit as 'n verdagte bedryf geklassifiseer word. Die redenasie hieragter is dat 'n persoon wat die intensie het om 'n winsgewende bedryf te beoefen dit nie sal volhou as die besigheid aanmekeer 'n verlies toon nie. Daar teenoor sal 'n persoon wat 'n stokperdjie bedryf wel daarmee volhou al word dit teen 'n verlies bedryf. Verliese wat tot en met 29 Februarie 2004 ontstaan het sal nie vir hierdie doeleindes in berekening gebring word nie.

Ander bepalings

Die opbrengs uit die verhaling van bates wat verkoop word uit sulke verdagte bedrywe kan ook teen verliese van daardie bedrywe aangewend word. Dit hoef dus nie net 'n bedryfsinkomste te realiseer nie.

Met betrekking tot voltydse boerderye word die boerdery in geheel as 'n bedryf gesien en nie die onderlinge vertakings nie. Verliese van byvoorbeeld die vleisbeeste sal teen winste van die mielievertakking aangewend kan word. Onderlinge vertakkinge word dus nie as subbedrywe vir die doeleindes van belastingomgrensing gesien nie.

Belastingomgrensing is net van toepassing op natuurlike persone wat 'n subbedryf beoefen. Dit geld nie vir maatskappye, beslote korporasies of trusts nie. Laasgenoemde entiteite word steeds in geheel belas en verliese uit sogenaamde verdagte bedrywe mag steeds teen winste van hoofbedrywe afgeskryf word.

Die nuwe wetgewing oor die omgrensing van verliese uit verdagte bedrywe wil nie die *bona fide* besighede aan bande lê nie. Die doel daarvan is om die aanwending van stokperdjiebedrywe se verlies teen beroepslui se hoofinkomste te bekamp, indien hierdie hoofinkomste hoër as die marginale inkomstevlak is. Dit gaan 'n wesentlike impak op die betaalbare belasting van deelydse boere tot gevolg hê. Dit kan vir die Ontvanger belastingvoordele inhou maar dit kan tog 'n negatiewe uitwerking hê op die ekonomiese bydrae wat baie deelydse boere wel tot die ekonomie maak.

BETHLEHEM
Junie 2004